

10 Oktober

Skrifgedeelte: Eksodus 16:31-36  
Fokusgedeelte: Eksodus 16:33

### Vat 'n kruik en gooi twee liter manna daarin

**D**ie Israeliete het 40 jaar lank manna geëet, totdat hulle by die grens van Kanaän gekom het. Nou was die gevaar groot dat, as hulle die land binnetrek “wat oorloop van melk en heuning” (Eseg 20:6), hulle die wonderbaarlike spysiging van die manna uit die hemel kon vergeet. Daarom moes Aäron twee liter manna in 'n kruik gooi sodat dit vir die nageslag veilig bewaar kon word.

Moses sê in Deuteronomium 8:3 dat die Here deur die manna die Israeliete wou leer dat 'n mens nie net van brood leef nie, maar van elke woord wat uit die mond van God kom! As die Jode in die Nuwe Testament van die manna praat, lei Jesus hulle van die manna na die ware brood wat God gee, naamlik: Jesus, die Seun van God, wat uit die hemel kom en aan die wêreld lewe gee (Joh 6:32, 33, 35)!

As God wil, kan Hy nog steeds vir ons manna uit die hemel laat reën, maar nou wil God hê dat ons vir ons kos moet werk (Gen 3:19). Laat ons egter by al ons harde werk nooit die vierde bede van die Onse Vader vergeet nie: “Gee ons vandag ons daaglikse brood.” Laat ons ook nooit vergeet dat Jesus die brood van die lewe is nie!

*Sing: Skrifberyming 17-1(17):1, 6*

*Dr. CJ Malan (Emeritus)*